

Bloemfontein-nagklubs jaag burgers harnas in met lae drankpryse

Pieter du Toit

KERSFEES is vir die meeste mense 'n tyd van vrede en gemeensaamheid, maar vir dié wat meer opgewonde oor Sambuca as skaapboud is, blyk Bloemfontein die oplossing te wees.

Volgens die woordvoerder van die African Christian Democratic Party (ACDP), me. Martha Dean, is haar party onlangs deur besoekers aan Bloemfontein gekontak wat hul misnoeë met 'n klub in Nelson Mandelarylaan uitspreek wat adverteer dat 'n sopie klante slegs 1c uit die sak gaan jaag.

Volgens Dean is sy op dié en ander advertensies in die stad gewys wat mense, volgens haar, "uitlok om in die Kerstyd oorboord te gaan".

Volgens haar is die provinsiale uitvoerende raad van die ACDP besorg oor die beeld wat sulke advertensies uitdra.

"Is dit hoe Bloemfontein graag wil bekend staan? "Daar is bitter min 1 sente in omloop en daarom sal ons graag wil weet hoe vind hierdie transaksies plaas? Dwing hierdie 'uitnodiging' kliënte om vyf drankies of nog erger, 100 drankies op 'n slag te koop?"

Dean sê dat sy onlangs op besoek aan die Kaap heelwat kruise langs die pad gesien het, en sonder een plek by Gordonsbaai uit waar drie tieners verongeluk het ná 'n besoek aan " 'n klub wat goedkoop drank aangebied het. Ons wonder dus of soortgelyke sterftes ook eers aan die orde van die dag moet wees in Bloemfontein of het die polisie raad en daad om hierdie euwel met wortel en tak uit te roei in die nuwe jaar."

Die eienaar van die klub Red's, wat deur Dean geïdentifiseer is, mnr. Luigi Lupacchini, het in reaksie gesê dat hy bereid is om hierdie aantyging te aanvaar.

"Ja, ons moedig mense aan om te drink eerder as om met dwelms deurmekaar te raak.

"Hierdie hele bemarkingsveldtog is in reaksie op die polisie-klopjag onlangs waarin ons baie slegte blootstelling ontvang het. Ons wil dit só goedkoop vir jong mense maak om te drink dat hulle eerder hulle geld op alkohol as op dwelms sal bestee."

Lupacchini het dit benadruk dat hoewel hulle drankgebruik aanmoedig, hulle dit op 'n verantwoordelike manier doen.

"Ja, ons wil hê mense moet by ons kom partytjie hou, maar hulle moet hulself nie vergryp aan die drank nie."

Insp. Harry Nagel, polisiewoordvoerder van Bloemfontein, sê: "Daar is hierdie jaar oor die Kerstyd geen ernstige gevalle aangemeld by die polisie van drankmisbruik nie ondanks die merkbare lae drankpryse en toename in drankgebruik."